

Maandelikse gemeentebrief Augustus 2019

Augustus is vrouemaand

In 'n vriendelike gesprek met 'n hartsvriendin begin die gesels meer klink na stry toe ons begin praat oor feminisme. Ek sê ek is nie 'n feminis nie, elkeen het sy plek en wat my juis spesiaal maak is dat ek 'n vrou is! Ek kompeteer met geen man nie; nooit nie, ek is 'n vrou. Sy, aan die ander kant, voel vroue is te lank nie 'n regmatige plek gegun nie. Ons stem saam en ons praat by mekaar verby... ek dink tog die saamstem was meer as die verskil.

Wat is jou siening? Hoe voel jy oor feminisme? Oor 16 dae van aktivisme? Het jy al hoegenaamd hieroor gewonder?

Soos die meeste ander goed in die lewe glo ek oor vrouwees en die plek van die vrou dat 'n mens aanpasbaar moet wees. Oor hoe jy dink en oor hoe jy doen. Gun elke vrou om haar pad self te kies. As dit is deur eggenote en ma te wees, kos te kook en te versorg – laat dit so wees. As dit is deur leierskap en geld verdien en baanbrekerswerk – dan is dit ook goed. Daar is eindelose voorbeelde van vroue wat oral hulle plek volstaan. Dieselfde vrou laai 7:00 vm. haar kind voor die skoolhek af en trek laataand die kombes vir oulaas oor die kind se lyfie om die winter uit te hou. Die lekkerte van leef in 'n vrou se lyf is dat vroue dit alles kan doen; vroue het die vermoë om baie balle in die lug te hou.

Maar sterk vroue word ook moeg. Ek sien daagliks hoe 'n ma skuldig wegkyk as jy vra hoe dit gaan. Ek sien vroue ongemerk trane afvee langs 'n siek familielid se bed. Ek sien oumas wat help kleinkinders grootmaak en enkelma's wat elke myl dubbeld hardloop. En dan sien ek hoe vriendinne mekaar weer sterk bid en koffie en lasagne aandra tot jy weer die pas van die lewe kan volhou.

Augustus is vrouemaand.

Die verhaal van die Bybel sou nooit vertel kon word sonder vroue nie. Hulle gee kleur en lewe en waagmoed aan die bekende verhale. Sara, Jogabed, Ragel, Ragab, Debora, Martha, Lidia, Rut, Ester, Abigail, Prissilla en die Maria's. Vroue het hulle plek vol gestaan. Geloofstories word deur naamloses geskryf: Die Samaritaanse vrou by die Put; Jaiirus se dogtertjie, die vrou wat aan Jesus se kleed geraak het; die weduwee wie se kruik nooit leeg geraak het nie en die weduwee van Nain.

Is vroue belangriker as mans? Nooit! In Augustus dink ons aan hulle wat soms weerloos gelaat word omdat hulle fisies broser is. Vroue en kinders. En ons juig oor die manne wat meer as hulle deel doen. Manne wat terugstaan en manne wat vanaf die kantlyn aanmoedig. Manne wat wasgoed was en kos maak sodat Ma haar droom kan uitleef. Manne wat plek maak vir vroue in leierskap. Manne wat opstaan vir vroue- en kinderregte. Manne wat baklei vir die ma's en dogters en vriendinne in hulle lewe.

Man en vrou is geskep na God se beeld. Elkeen van ons het die roeping om God sigbaar te maak in die wêreld. Elkeen op ons unieke manier. Mag ons in NG Weltevreden oopkop na mekaar luister, mekaar dra en mekaar aanmoedig om elkeen sy/haar beste self te wees.